

OPTIHEIFER



Groeimeel vir ouer verse

- Byvoeding vir ouer verse op weiding en/of hooi *ad lib*.
- Hierdie produk is baie smaaklik om inname te verbeter.
- Hierdie produk is hoog in natuurlike proteïene en bevat ureum.
- Produk bevat medikamente om die voeromset en gesondheid van die kalf te verbeter.

SAMESTELLING	Opti Heifer 17	Opti Heifer 21
Nutriënt	g/kg	g/kg
Ruproteïen (min.)	170	210
Ekwivalente Ruproteïen vanaf NPN (maks.)	28.7%	23.23%
Ureum (maks.)	17	17
Vog (maks.)	120	120
Ru-vet (min.)	25	25
Ru-vet (maks.)	85	85
Ruvesel (maks.)	120	120
Kalsium (min.)	8	8
Kalsium (maks.)	15	15
Fosfor (min.)	5	5

VOER AANBEVELINGS

- Indien die byvoeding van verse verander word, moet hulle aangepas word op die nuwe voer.
- Skoon vars drinkwater moet ten alle tye beskikbaar wees.
- Verse moet toegang tot skaduwee hê. Hitte-stres het 'n negatiewe invloed op groeiprestasie van die vers.
- Die tipe en kwaliteit ruvoer het 'n groot invloed op die hoeveelheid konsentrate wat verse daaglikse gevoer moet word.
- Voerkoste per kilogram massatoename is 'n baie meer akkurate maatstaf as die koste per ton van die energie konsentrat om kalf grootmaak koste te bepaal.
- Voerinnamte moet daaglik gemonitor word.
- Stoor in 'n koel, droë plek, weg van direkte sonlig.
- Raadpleeg 'n AFGRI Veevoere Tegniese Adviseur vir die nodige aanbevelings en volledige kalf grootmaak programme.

Vorm: Meel en Pille

Verpakking: Losmaat en 40 kg sakke

VOERINSTRUKSIES

1. Beskerm hierdie veevoer teen reën. NPN (bv. Ureum) is wateroplosbaar en diere wat die oplossing drink, kan vergiftig word.
2. Moet nie hierdie veevoer onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoere voer nie.
3. Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Behandeling: Meng met gelyke hoeveelhede water en doseer 'n halwe bottel per kalf of groot skaap en 2 tot 4 bottels per bees (1 bottel = 750ml).
4. Wanneer vanaf 'n ureum-vrye meel na 'n ureum bevattende meel oorgeskakel word, moet diere vir 'n 4-6 dae periode 'n 50/50 mengsel ontvang om aanpassing te bevorder.
5. Diere moet vrye toegang hê tot die voer: 2-4 voedings/dag word aanbeveel.
6. Voorsien voldoende kripspasie om oorvreet te voorkom.
7. Ruvoer of voldoende weiding moet ten alle tye *ad lib* beskikbaar wees.
8. Voer aan verse vanaf 8 maande ouderdom saam met genoeg ruvoer of weiding.
9. Die inname van die voer moet deurlopend bestuur word volgens die vers se massatoename. Daar bestaan egter geen algemene resep vir verse onder alle omstandighede nie.
10. Maak seker dat verse optimaal volgens 'n versgroeikurve presteer.
11. Riglyne vir inname: Inname sal bepaal word deur die ouderdom en massa van die vers asook die kwaliteit en kwantiteit van die weiding of ruvoer.

AANBEVOLE INNAME

Voer vanaf 8 maande saam met ruvoer of weiding *ad lib*

Kleinraam rasse (Jerseys)	Voer 2.5 kg Opti-Heifer/vers/dag plus ruvoer of weiding <i>ad lib</i>
Grootraam rasse (Holsteins)	Voer 3.0 kg Opti-Heifer/vers/dag plus ruvoer of weiding <i>ad lib</i>

WAARSKUWING

Hierdie veevoer bevat 'n NPN bron en geregistreerde medikamente. Voer streng volgens voorskrifte. Vir medikament besonderhede sien bykomende sak etikette.

12 Byls Bridge Boulevard
Highveld Ext 73
Centurion

Tel: +27 11 063 2347
afgrianimalfeeds.co.za

Klas: GEKONSENTREERDE SUIWELVOER
Opti Heifer 17
Reg. V23286
AFGRI Produk kode: R7016

Klas: GEKONSENTREERDE SUIWELVOER
Opti Heifer 21
Reg. V23287
AFGRI Produk kode: R7070

AFGRI
ANIMAL FEEDS